AfriForum
SPORT



# Projek
# Yster Slyp Yster
## AfriForum Sport

Dit is algemeen bekend dat Atletiek Suid-Afrika (ASA) en ander amptelike sportliggame Suid-Afrikaanse atlete baie swak ondersteun. Dié liggame is veronderstel om te verseker dat ons atlete alles tot hulle beskikking het om optimaal te presteer.

AfriForum Sport veg voortdurend op alle fronte om sportliggame verantwoordbaar te hou vir die swak bestuur van ons atlete. Ons besef dat die tyd aangebreek het vir die privaat sektor om in samewerking met organisasies soos AfriForum op te staan en self ons opkomende sportsterre te ondersteun sodat hulle in staat sal wees om ons land se naam hoog te hou op die wêreldverhoog.

Dít is ook die rede waarom AfriForum Sport vanjaar die Forum vir Atlete tot stand gebring het. Hierdie forum sal as ’n voertuig dien waardeur AfriForum Sport en organisasies vanuit die privaat sektor saamwerk om ons provinsiale en nasionale atlete te ondersteun met toegang tot die nodige hulpbronne om voldoende vir kompetisies voor te berei en daaraan deel te neem. Ten einde hierdie forum bekend te stel het Braven Performance AfriForum Sport se bestuurder uitgedaag om in November vanjaar aan die halwe ystermankompetisie in Mosselbaai deel te neem. Nie net sal dit bewusmaking rondom hierdie projek skep nie, maar dit sal ook as beginpunt vir fondsinsameling vir die forum dien. Ronald Peters, bestuurder van AfriForum Sport, het die uitdaging aanvaar, maar gaan ondersteuning nodig hê om dit suksesvol aan te pak. Die doel van Projek Yster Slyp Yster is om te bewys dat ’n individu wat nie tans topfiks is of al ooit vantevore aan ’n halwe ystermankompetisie deelgeneem het nie, dit in minder as ses ure kan voltooi met die nodige ondersteuning vanuit die privaat sektor. Dit sal ook dien as bewys dat ons professionele atlete selfs nog hoër hoogtes kan bereik indien hulle die nodige ondersteuning kry.

Die projek skop amptelik in Maart 2023 af en ons benodig dus dringend ondersteuning om ’n sukses daarvan te maak. Organisasies en/of ondernemings wat as borge by die projek betrokke raak sal deurlopend blootstelling ontvang; meer besonderhede daaroor sal beskikbaar gestel word sodra belangstelling getoon word. Dit is belangrik om te noem dat alle items wat Ronald gaan benodig om hierdie projek aan te pak geborg moet word. Dit vorm deel van die hoofdoel van hierdie projek – om te wys hoe kragtig die samewerking tussen die privaat sektor en gemeenskapsorganisasies is en dat dit vir ons topatlete moed behoort te gee oor die stigting van AfriForum Sport se Forum vir Atlete.

## DIE VOLGENDE BORGSKAPPE IS REEDS IN PLEK:

### PROGRAMME EN EVALUERING

- Swem-, fietsry- en drafprogramme – Braven Performance
- Evaluering – Braven Performance
- Kondisionering – Braven Performance
- Voeding (aanvullings) – PVM
- Voeding (dieet) – PVM

### ALGEMEEN

- Horlosie (“GPS multisport watch”) – Polar
- Driekamppak (“trisuit” – met al die borge se logo’s op)

## BORGE WORD VIR DIE VOLGENDE BENODIG:

### DRAF

- Tekkies (twee pare)

### FIETSRY

- Padfiets
- Bergfiets (veiliger vir oefening)
- Binnenshuise oefenfasiliteite
- Valhelm en sonbril
- Fietsryskoene
- Fietsrykleredrag

## SWEM

- Toegang tot 'n swembad – verkieslik 'n 50 m lange verhitte swembad
- Duikpak ("wetsuit")
- Swemkappie
- Swembril
- Paddavoete ("fins")
- Roeispane
- Swembadboei
- Kort swembroek – nie 'n sakkerige ("baggy") swembroek nie

# BEMARKINGSWAARDE

## *FORUM TYDSKRIF*

*Forum Tydskrif* is AfriForum se eie tydskrif wat twee keer per jaar aan 150 000 aktiewe AfriForum-lede gepos word, asook elektronies per WhatsApp aan al 310 0000 lede. AfriForum dek die volle koste vir die plaas van een halfbladadvertensie vir AfriForum Sport om die vennote in die laaste uitgawe van die *Forum Tydskrif* blootstelling te gee.

| Lesersprofiel | |
|---|---|
| **Gemiddelde getal lesers** | 370 000 |
| **Geslagsverspreiding** | manlik 67%; vroulik 33% |
| **Gemiddelde ouderdom** | 41–60 jaar |
| **Jaarlikse huishoudelike inkomste** | LSM 7+ |
| **Getal gedrukte tydskrifte** | 150 000 |

## *FORUM NUUS*

Vennote kry ook die geleentheid om een keer maand op *Forum Nuus* te verskyn, maar met die insetsel van AfriForum Sport. *Forum Nuus* is AfriForum se eie nuuskanaal wat AfriForum-verwante nuus deur middel van verslaggewing publiseer. Die aangewese joernalis sal 'n artikel oor die vennoot publiseer, wat nuuswaarde vir die vennoot toevoeg en boonop reklame vir AfriForum se ledevoordeel maak.

*Forum Nuus* bereik daagliks 'n gemiddeld van 60 000 mense op sosiale media, wat dié artikels met familie en vriende deel.

## AFRIFORUM SPORT-WEBTUISTE

'n Spesiale bladsy is op AfriForum Sport se webtuiste geskep om AfriForum Sport se vennote te bemark. Op hierdie blad word alle inligting oor AfriForum Sport se vennote uiteengesit. Omdat daar baie bykomende inligting tot vennote is, maak die webblad dit moontlik om hierdie inligting makliker aan die publiek te kommunikeer.

Die webblad maak ook voorsiening daarvoor dat spesiale aanbiedings van die vennote bekendgemaak en bemark kan word.

## FACEBOOK

AfriForum het 359 000 Facebook-volgers. Ons sosialemediaplatforms groei maandeliks met sowat 2 000 volgers. AfriForum bereik gemiddeld 55 000 mense met 'n gewone plasing op sosiale media.

Ons plaas 'n algemene AfriForum Sport-plasing op sosiale media, wat die leser dan na die AfriForum Sport-webblad verwys (op dié webblad word alle aanbiedings deur vennote gekommunikeer). Geen plasing kan egter in verband met 'n spesifieke vennoot gemaak word nie – só fokus ons op die bemarking van AfriForum se algehele ledevoordele vir ons teikenmark.

Daar is nege plasings bespreek vir AfriForum Sport om blootstelling aan die vennote op sosiale media te gee.

## AFRIFORUM-TAKKE SE FACEBOOK-GROEPE

AfriForum beskik bykomend oor 185 Facebook-profiele wat aan die organisasie se takke behoort.

Daar is een plasing vir elk van die 185 AfriForum-takke se Facebook-profiele beskikbaar vir AfriForum Sport se vennote. ’n Algemene vennoteplasing word op sosiale media gedeel, wat die leser dan na die AfriForum Sport-webblad verwys (op dié webblad word alle aanbiedings deur vennote gekommunikeer).

## TWITTER

AfriForum het tans 112 000 Twitter-volgers. Wanneer ’n plasing op Facebook gepubliseer word, word dié plasing ook op Twitter geplaas, wat dus as bykomende waarde dien.

Dit is vir ons baie belangrik om ’n verhouding te bou met elke organisasie/onderneming/individu wat by Projek Yster Slyp Yster betrokke raak aangesien die doel daarvan baie groter is as net hierdie projek, naamlik om ’n fondasie te skep vir ’n volhoubare oplossing wat Suid-Afrika se atlete in staat sal stel om hul volle potensiaal te bereik. Skakel Ronald by 079 527 4303 of stuur ’n e-pos na ronald.peters@afriforum.co.za om by die projek betrokke te raak of meer inligting daaroor te bekom. Ons is opgewonde om saam met jou ’n toekoms te skep vir Suid-Afrikaanse atlete!

**Vriendelike groete**
**Die AfriForum Sport-span**

AfriForum SPORT